DEEL 117 | WEEK 20 | 16 MEI 2025 | R5

HEILBRON HERALD



# 'n Klein dorpie met 'n groot hart

In die stil strate van Heilbron, het iets besonders gebeur wat wys dat goeie gemeenskapsgees steeds bestaan. Wanneer uitdagings kop uitsteek, word die ware hart van Heilbron sigbaar. Só was dit toe die Roos-gesin hul grootste stryd in die gesig gestaar. George Roos, oorspronklik van Heilbron, is onlangs in Netcare Pretoria-Oos hospitaal opgeneem nadat hy verskillende groottes bloukolle ontwikkel het, bloedrooi oë en 'n knop onder sy arm is waargeneem. Na verskeie toetse is die oorsaak nogsteeds nie vasgestel nie, hoewel dokters laat weet het dat hy 'n beenmurgoorplanting benodig. Ons het gesien hoe 'n hele gemeenskap hande vat om te help. Die Suid-Afrikaanse beenmurg-instituut het Dinsdag, 13 Mei, Heilbron besoek om mond-*swabs* te neem van moontlike geskikte skenkers. Wat daarna gebeur het, was werklik buitengewoon: 151 inwoners het hul tyd opgeoffer om vir George 'n kans op 'n gesonder toekoms te gee.

Die skenking was nie beperk tot dié wat dit Dinsdag kon maak nie. By Hoërskool Heilbron het kinders, onderwysers en ander inwoners wat nie die vorige dag beskikbaar was nie, ook hulself laat toets. Volgens die instituut is dit 'n uitsonderlike reaksie – normaalweg daag net tussen 15-20 mense op vir so 'n veldtog. Heilbron het in totaal meer as 200 deelnemers gelewer. Die gemeenskap van Frankfort is ook getoets, maar teen druktyd was die getalle nog onbekend.

“Die liefde en respek wat hierdie gemeenskap vir die Roos-gesin het, is onmiskenbaar,” het een van die instellingsverteenwoordigers gesê. “Ons sien selde sulke samehorigheid. Dis werklik hartroerend.”

Vir George en sy gesin beteken hierdie steun alles. “Ons is bitter dankbaar. Ek voel klein teenoor almal se groot harte,” het George gesê. Sy suster Hilde is reeds as 'n 50%-passing geïdentifiseer, maar verdere toetse is nodig om 'n ideale skenker te vind.

Die volgende stap is die ontleding van die *swabs*, wat tenminste 14 werksdae neem. Geskikte kandidate sal gevra word om bloed te skenk, waarna die beenmurg vanuit die bloed geoes sal word. Intussen wag die gemeenskap – en bid.

Heilbron se mense het gewys dat 'n klein dorpie nie noodwendig klein dade verrig nie. George Roos en sy familie staar steeds 'n moeilike pad in die gesig, maar met 'n gemeenskap soos dié agter hulle, is hulle nie alleen nie.

Mense kan sosiale media dop hou vir 'n BackaBuddy-veldtog wat in George se naam geskep sal word.









# Impersonating a police officer

A 42-year-old suspect is expected to appear before the Pretoria Magistrate Court Monday, following his arrest on Saturday morning in Petrus Steyn, in the Free State province, on charges of fraud and impersonating a police officer.

The suspect impersonated the National Head of the Directorate for Priority Crime Investigation (DPCI).

In October 2024, the suspect allegedly contacted a prominent South African businessman residing in Gauteng via WhatsApp, falsely claiming to be Lieutenant General Godfrey Lebeya, the National Head of the Hawks.

Using a profile picture and personal details resembling those of Lebeya, the suspect deceived the victim.

It is alleged that the suspect claimed that the mobile phone of the victim had been hacked and, under the pretext of assisting with a security breach, requested the victim's personal information.

Believing that he was communicating with the real National Head of the Hawks, the victim provided personal details and contact information of close associates.

The suspect later solicited money, claiming to have successfully "de-bugged" the victim's mobile devices. An amount that is more than R100 000 was subsequently paid by the victims.

"I am happy that the individual who pretended to be me has now been caught. Those who have been tricked should come forward," Lebeya said.

Following a thorough investigation, the suspect was apprehended and is expected to appear before the Pretoria Magistrate Court Monday.

The community is warned against making payments to police officers, as they are not authorised to solicit money for services rendered.

– *SAnews.gov.za*

## UIT DIE PEN: *Week 20*

My goeie man het hierdie week verjaar. *Hiep-hiep!* Daar was nie strooisel uit die dak uit of baie balonne nie. Ek dink hoe ouer mens word, hoe minder raak die partytjies en hoe meer die besef van verganklikheid. Wat ook reg is.

Saam met verjaarsdae gaan daar gewoonlik 'n koek. *Synde* ek nie 'n koeketer is nie, het ek hierdie jaar vir hom 'n koek laat bak. Drie lagies, met silwer balletjies op. Ek kon dit seker self gedoen het, maar hierdie koek was uit die boeke! Ek het gevra of ek 'n koek kan saamstuur werk toe, maar hy wou nie. Totdat hy die koek gesien het.

Toe my gryse ou pa so om en by 80 jaar oud word, het hy gesê dat hy op hierdie ouderdom nie meer groen piesangs koop nie. Want hy weet nie of hy die piesangs sal kan oorleef nie. Sy vriend, oom Justus, het weer gesê dat hy nie sy jaarlikse tennislidmaatskap betaal nie. Vir ingeval hy voor die tyd doodgaan, want hulle betaal nie terug nie.

Dit raak al hoe moeiliker om vir iemand 'n verjaarsdaggeskenk te gee. Wat nog te sê Kersgeskenke, dis net so moelik. En ek is lief vir Kersgeskenke gee.

Ek dink altyd dat ek 'n maklike geskenkontvanger is. Ek hou van alles, en ek sal alles kan gebruik. Maar dit is nie heeltemal die waarheid nie. Ons het almal iets wat in die geskenkekas gebêre word vir ingeval ons dit vir iemand anders kan gee. Die Engelse noem dit "re-gifting", wat 'n edele gedagte is.

Toe ons my gryse ou ma verlede jaar na haar effens kleiner sorgeenheid toe trek, moes sy van baie klere ontslae raak. Wat maak mens in elk geval met sewe swart bloese en vier maroen broeke? Sy moes kies. En kort-kort wou sy weet wat met die klere gemaak gaan word.

Sommige daarvan was nog splinternuut. Ander het al 'n paar myle opgehad. Ons het die ekstra klere huis toe gevat en ek het fotos daarvan geneem en vir die familie gestuur om van te kies. Oplaas het Sarni gesê dat sy die klere sal neem. "Sal ouma omgee as ek dit *re-gift*?" Ek weet dis nie regtig wat my ma sou wou hê nie, maar waar sal ons daarmee gaan? Ek is seker dat die ontvanger die geskenk baie sou waardeer.

Onlangs het een van my kollegas verjaar. Aanvanklik het ek vir elkeen 'n kleinigheid gegee wanneer hulle verjaar het. Iets wat bruikbaar is, maar ook nie die bank sal breek nie. Vir my is dit 'n teken dat ek aan daardie persoon gedink het met sy of haar verjaarsdag, en hulle vriendskap en/of samewerking waardeer.

Soms vergeet ek van die geskenkie, en soms voel ek nie of ek iets wil gee nie. Dis natuurlik altyd die gewer se besluit. (Verlede jaar was die geskenke vir die kollegas glad nie 'n probleem nie, want ons het 'n klein stokvel by die werk gehad, en het 'n hoop geld vir ons verjaarsdae gekry.)

Terug by die kollega wat verjaar het. Op daardie spesifieke dag het ek regtig vergeet dat sy 'n geskenk moes kry. Ek sien egter hoe twee ander kollegas vir haar iets in mooi pakkies gee.

Later kry ek haar in ons kombuisie. Sy het 'n foto van haar geskenkie op haar foon. Sy het pas met haar vriendin gesels en dié is ook van mening dat dit nie die regte geskenkie was nie. Sy wys my die foto: 'n wit sout- en peperpotjie met 'n swart lyntekening op. Effens modern, dink ek, maar glad nie lelik nie.

"Wat moet ek met hierdie goed maak?" vra sy. "Ek kan dit nooit in my huis gebruik nie."

Ek wonder hoekom nie?

"Want ek hou van Carrol Boyes en nou gee sy vir my 'n stelletjie wat uit Pep Home kom. Wat het haar besiel?"

Soos menige kere is ek stomgeslaan. Nie almal het geld vir Carrol Boyes geskenke vir kollegas nie. Dalk vir 'n goeie vriendin. Maar net nee, ek sal nie daarby kan bykom nie.


Met hierdie gedagte skrap ek ook toe my voorneme om die volgende dag vir haar 'n geskenk te bring.

"Maar dis tog funksioneel. Ek dink ook dat daardie persoon dit uit haar hart uit gegee het," probeer ek. "Dis wat sy kon bekostig."

"Maar ek respekteer my huis. Ek kan nie hierdie goed op my kaste laat rondstaan nie!"

Ek is nie meer stomgeslaan nie, ek is nou heeltemal "weggeblaas". Ek verstaan nie haar stelling oor die respek wat sy vir haar huis het nie.

Later sou ek verstaan: jong vrou is in 'n relatief hoë posisie by ons kantoor. Sy het verlede jaar haar



eerste eiendom gekoop en pronk daarmee op haar *WhatsApp* status. Spieëls en leerbanke, gladde vloere, wit werksoppervlakke en glas. Sy het pas teruggekeer na twee weke in Europa (haar kêrel het betaal) en sy het elke twee weke 'n ander kleur op haar naels. En dis wie sy is. My gryse ou pa sou sê: Sy *laaik* van *shine*.

Ek wens vandag dat ons elke klein geskenkie, met sorg uitgesoek, sal waardeer. Of dit R20 of R 2000 kos. Die geskenk kom uit iemand se hart.

Ek respekteer ook my huis. Ek kon nog nie die verband kry tussen "respek vir my huis" en 'n ondankbare hart nie.

Oor *re-gifting*: ek sien geen probleem om iets aan te gee na iemand anders, wie ek dink dit sal gebruik nie. Dis nou jou eiendom, en jy kan sekerlik daarmee maak wat jy wil. Solank jy dit net nie weer vir die oorspronklike gewer *re-gift* nie. Dit sal nogal snaaks en interessant raak. Wanneer die glips met jou gebeur, aanvaar maar jou oorspronklike geskenk wat nou *ge-re-gift* word, met grasie, waardigheid en waardering.

Dan sit jy die geskenkie in jou geskenkekas, en dink solank aan wie jy dit weer gaan *re-gift*.

# Twee winkels in nasionale FOTY-finaal

## *Foods of the Year-kompetisie*



*Op die foto bo vlnr: André Du Toit (Mede Eienaar OK MiniMark), Marius Beukes (Beoordelaar / Divisie Bestuurder OK Franchise Gauteng), Rianda Van Wyk - (Bestuurderes OK MiniMark), Ruan van der Walt - (Operasionele bestuurder: OK Sentraal Bloemfontein).*

Van Bultfontein tot Heilbron: Die naam Du Toit het sinoniem geraak met in die OK-wêreld – en vanjaar is dit weer bewys.

Vanjaar is twee van hul winkels, OK Foods Bultfontein en OK MiniMark Heilbron, genomineer in hul verskeie katogorie vir een van die hoogste eerbewyse in die groep – die FOTY (Foods of the Year)-kompetisie. Dié kompetisie is ‘n nasionale inisiatief wat jaarliks die beste OK-winkels in Suid-Afrika bekroon.

Wat hierdie prestasie besonders maak, is dat dit nie die eerste keer is dat die Du Toits onder die finaliste is nie. In 2022 is OK Foods Bultfontein nie net genomineer nie, maar het ook die kompetisie gewen – en is as die beste OK Foods-winkel in die land aangewys.

Die beoordelingsproses is streng. Maandag het ‘n beoordelaar van OK se hoofkantoor ‘n deeglike inspeksie by OK MiniMark Heilbron asook OK Foods in Bultfontein gedoen – een van verskeie besoeke wat landswyd plaasvind om die genomineerde winkels aan die hoogste standaarde te meet.

Nominasies word nie lukraak gedoen nie. OK se hoofbestuur kyk na ‘n reeks kriteria voordat winkels genomineer word vir die kompetisie:

Is die winkel se administrasie en finansies op standaard?

Hoe getrou is hulle kliëntebasis?

Hoe word die handelsmerk OK na buite verteenwoordig?

Word gehalte, netheid en diens gehandhaaf?

Ná hierdie evaluasies sit die operasionele- en divisionele bestuurders saam om die topwinkels te kies. Die finaliste ding dan mee vir die hoogste eer.

Die du Toits, is nederig en dankbaar oor hul benoemings en gee alle dank en erkening aan hul ongelooflike personeel. En nou wag almal vir Oktober vir wanneer die uitslae bekend gemaak word.




*Ian en Ellarie is getroud op 26 April 2025 te Kleinbosch Potchefstroom. Ian is die seun van Henk du Plessis woonagtig in Vanderbijlpark en Irma du Plessis woonagtig in Potchefstroom. Ellarie is die dogter van Koos en Elsabe Engelbreght van Heilbron. Die egpaar vestig hulself in Potchefstroom.*

Stats SA
Department: Statistics South Africa
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**Statistics South Africa (Stats SA) provides scientific knowledge that enables society to understand complex socio-economic phenomena. It draws its mandate from the Statistics Act, 1999 (Act No 6 of 1999) and POPI Act 2013 (Act 4 of 2013). Stats SA strives to excel in the following five competencies:** • Intellectual capability to lead the scientific work of statistics • Technological competence for purposes of large-scale processing and for complex computations and accessibility of information to the public • Logistical competence for deployment of (forward and reverse) logistics of large-scale field operations and for strategic choices regarding operational efficiency and cost-effectiveness • Political competence in understanding the political environment without being political or politicised (commitment of delivery without fear or favour) • Administrative competence, the ability to bring it all together.

**Invitation:**

**Register on our database for contract employment opportunities**

Stats SA undertakes various surveys and projects, for example, Census, Community Survey, Labour Force Survey, General Household Survey, amongst others. From time to time these surveys and projects require that contract staff be employed. You are invited to register online for inclusion on the database used to identify potential candidates for these contract positions as and when required. People of every racial group, the youth as well as females from all areas are encouraged to register. **Those who previously registered need to re-register.**

**Location:** Contract employment opportunities exist in Head Office, different provinces and/or districts nationwide.
**Contract:** An employment contract stipulating duration, job content, remuneration and other conditions, will be provided when opportunities for such contract employment arise.
**Working tools:** Those that will be employed and are issued with work tools, will be paid after the tools have been returned.
**Area of work:** Opportunities for contract employment usually arise as outlined below:

| Area of work | Duties | Required skills / competencies |
|---|---|---|
| • Fieldwork/Data Collection | • Going door-to-door to collect information from households | • Good communication skills<br>• Driver's license will be an added advantage<br>• Computer Literacy<br>• Ability to operate a mobile device |
| • Data capturing | • Capturing of information | • Computer literacy<br>• Minimum typing speed of 35 wpm<br>• 95% accuracy |
| • Data processing | • Sorting, coding and quality checking of forms or any documents | • Computer literacy |
| • Clerical and administrative | • General administrative and non-administrative duties | • Relevant administrative skills<br>• Computer literacy |
| • Supervisory | • Supervision of any of the above categories where necessary | • Supervisory experience<br>• Driver's license (if applicable)<br>• Ability to operate a mobile device |

To register follow this link **www.statssa.gov.za/hr.**

**General requirements:**

**The applicant must:**
- have a minimum of a Senior Certificate (Matric or equivalent)
- be proficient in any of the 11 official languages
- be willing to work over weekends and outside of normal office hours
- be an RSA citizen with no criminal record

**How to apply:**
- Applicants are required to create their profiles and attach required supporting documents on the HR Contract Database
- Any registration without the supporting documents will be regarded as incomplete and the applicant will not be able to complete the registration on the database
- Applicants who are invited for training/competency exercise will be required to submit certified copies of ID, matric certificate and driver's license where applicable
- Documents must have been certified within 6 months before submission

**Stats SA will:**
- Verify an applicant's documents and/or reference checking which will form part of the recruitment process
- Subject short-listed applicants to a competency test and/or training assessment

**Please note the following:**
- Statistics South Africa reserves the right to accept or reject an applicant's registration
- Applicants in censuses and surveys will be appointed within their local communities as no transport will be provided
- An applicant must disclose if he/she is a director/shareholder of a company or conducts any business as a sole proprietor
- An applicant must disclose if his/her company is doing business with any government institution/municipality
- An applicant must give consent to Stats SA to utilise his/her personal information for any other recruitment purposes
- Candidates who meet the minimum requirements will be invited for training/ competency exercise


**Enquiries:** Call Centre Toll-Free Number: 0800 110 248
**Closing date for HR contract database registration is 23 May 2025.**

# Bronnies Kleuterland vier Moedersdag

Bronnies Kleuterland het Vrydagoggend op ‘n hartroerende wyse Moedersdag gevier. Die mammas en hul kleingoed het die voorreg gehad om ‘n besondere oggend saam deur te bring, vol laggies, kreatiwiteit en liefde.

Elke mamma en kind het ‘n oulike *canvas* en verf ontvang om saam aan ‘n unieke kunswerk te werk – ’n kosbare herinnering wat nog lank gekoester sal word. Die tafels was pragtig en sprokiesmooi versier, wat bygedra het tot die feestelike atmosfeer.

Na die kreatiewe sessie het almal iets lekkers geniet om te eet, terwyl die kinders met vreugde gespeel en baljaar het. Dit was beslis ’n oggend vol liefde en samehorigheid – een wat baie mammas vir altyd in hul harte sal dra.









# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

Mei is een van die belangrikste maande in maatskaplike werk. Die fokus is op die beskerming van kinders. Dit is belangrik om te besef dat die Grondwet ook spesiale melding maak vir kinders en deur die maand gaan die fokus wees op die regte en beskerming van kinders.

Bepalings oor kinders in artikel 28 van hoofstuk 2 (Handves van Regte) in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika:

**(1) Elke kind het die reg—**

(a) op ’n naam en nasionaliteit vanaf geboorte;

(b) op gesinsorg of ouerlike sorg, of op gepaste alternatiewe sorg wanneer die kind uit die gesinsomgewing weggeneem word;

(c) op basiese voeding, skuiling, basiese gesondheidsorgdienste en maatskaplike dienste;

(d) om teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik of vernedering beskerm te word;

(e) om teen uitbuitende arbeidspraktyke beskerm te word

(f) om nie verplig of toegelaat te word om werk te verrig of dienste te lewer nie wat—

(i) onvanpas is vir ’n persoon van daardie kind se ouderdom; of

(ii) ’n risiko vir die kind se welsyn, opvoeding, liggaamlike of geestelike gesondheid of geestelike, morele of sosiale ontwikkeling inhou;

(g) om nie aangehou te word nie, behalwe as laaste uitweg, in watter geval, benewens die regte wat ’n kind kragtens artikels 12 en 35 geniet, die kind slegs vir die kortste gepaste tydperk aangehou mag word, en die reg het om—

(i) afsonderlik van aangehoudenes bo die ouderdom van 18 jaar aangehou te word; en

(ii) op ’n wyse behandel te word, en in omstandighede aangehou te word, wat met die kind se ouderdom rekening hou;

(h) om, in siviele verrigtinge wat die kind raak, deur die staat op staatskoste van ’n regspraktisyn voorsien te word indien dit andersins tot wesenlike onreg sou lei; en

(i) om nie regstreeks in gewapende stryd gebruik te word nie, en om in tye van gewapende stryd beskerm te word.

(2) ‘n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak.

(3) In hierdie artikel beteken “kind” iemand onder die ouderdom van 18 jaar.

“Elke kind het die reg op ‘n naam en nasionaliteit vanaf geboorte; op gesinsorg of ouerlike sorg, of op gepaste alternatiewe sorg wanneer die kind uit die gesinsomgewing weggeneem word; op basiese voeding, skuiling, basiese gesondheidsorgdienste en maatskaplike dienste; om teen mishandeling; verwaarlosing, misbruik of vernedering beskerm te word.” Artikel 28 van Die Grondwet van Suid Afrika.

# Hoërskool Heilbron ontvang ‘n nuwe skoolbus

Hoërskool Heilbron bruis van opwinding ná die aankoms van hul splinternuwe Toyota Coaster-bus. Die voertuig is onlangs by die skool afgelaai en simboliseer nie net ‘n opgradering in vervoergerief nie, maar ook ‘n belegging in die toekoms van die skool se leerders.

Die skoolgemeenskap het die groot nuus met groot dankbaarheid en vreugde gedeel. “Ons is ongelooflik opgewonde oor die duisende voorspoedige myle wat hierdie bus vir Hoërskool Heilbron inhou,” sê die skoolhoof, mnr Johnny van der Merwe. Die nuwe bus sal veral waarde toevoeg tot sporttoere, uitstappies en ander skoolaktiwiteite wat gereelde vervoer verg.

’n Spesiale woord van dank is gerig aan die skool se Beheerliggaam (BL), wat ywerig gewerk het om hierdie droom te laat realiseer. “Sonder hul toewyding en vasberadenheid sou hierdie prestasie nie moontlik gewees het nie. Asook die borge, hulle verdien werklik ’n reuse dankie,” het die skool se woordvoerder gesê.

Hoërskool Heilbron sien met trots uit na alles wat die pad vorentoe inhou.



*Op die foto vl: Gerrit Viljoen, André Janse van Rensburg en Johnny van der Merwe (Skoolhoof).*

# Nostalgie-ete

## Heilbron Fynproewers

Op Vrydag 9 Mei het die Heilbron Fynproewers weer bymekaar gekom vir 'n heerlike ete. Die tema was nostalgie.

Resepte uit ouma en oupa se kombuis is weer afgestof en voorberei. Marais Franken het ook op sy kitaar vir ons twee liedjies gesing.

Geregte wat bedien was is pap en kaiings, bobotie (boetie-boetie), mieliegereg, skaapboud in die AGA, Sondagmiddag perske hoender, soetpatats, kaas- en uietert, bees-en-tamatiebredie, wortelslaai en slap hakskeentjies.

Vir nagereg is daar roly poly, souskluitjies, melktert, malvapoeding en ryspoeding met 'n lemoensous bedien. Daar is heerlik saam geeët en gesellig saam gekuier met staaltjies uit die verlede.

Die volgende byeenkoms sal in Augustusmaand plaasvind.



*Op die foto bo vl: Marais Franken, Judy Aucamp, Lisa en Terence Green.*




WINKELURE - HEILBRON HERALD

**MAANDAE TOT DONDERDAE:** 07:30 - 17:00

**VRYDAE:** 07:30 - 16:30 | **SATERDAE:** 08:30 - 13:00

Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za







# Kleuterkasteel vier Moedersdag






Saterdag, 10 Mei, was 'n dag vol kleur, lag en liefde toe Kleuterkasteel hulle Moedersdagviering gehou het. Elke kind en ouer het die geleentheid gekry om mekaar met neonverf te verf, te smeer en selfs 'n bietjie te gooi — tot groot vermaak van almal teenwoordig. Dit was 'n vet pret-oggend wat beslis nie gou vergeet sal word nie.

Die kinders het hul kreatiwiteit ten volle uitgeleef, en oral was daar kleurvolle gesiggies, hande en klere. Die spesiale oomblikke is vasgevang, waar daar hope fotos geneem is om hierdie kosbare herinneringe te bewaar.

Na die kleurvolle pret het almal saam gekuier, waar ouers en kinders heerlik gesels en saam gelag het oor die oggend se kleurvolle chaos. Die atmosfeer was warm en vol waardering.

Louisa Saaiman, skoolhoof van Kleuterkasteel, het gesê: "Dit was 'n lekker oggend om vir elke mamma dankie te sê vir al die moeite wat hulle doen. Hulle beteken vir ons baie, en dit was ons manier om hul liefde en ondersteuning te vier."

Met verf in die hare en vreugde in die harte het hierdie unieke Moedersdagviering gewys dat liefde soms die kleurvolste in die eenvoudigste oomblikke gevind word.

28 Mei 2025

Venue: Old Lady (Susan)
Kerkstraat 8
Frankfort

Tyd: 10:00
Gaste: R100 pp
RSVP asb voor 21 Mei 2025

Sprekers:
Mariaan Roel (Gasvryheid)
& Hannere
(Nuwe "trends" binnehuisversiering en plakpapier vir mure)

Navrae: Elbie Els
081 850 5155

# Veg vir dienslewering in Heilbron

• *Cllr Robert Ferendale*

Die Heilbron Verkeersdepartement is al meer as twee jaar gesluit — ten spyte van 'n formele klag wat deur Jafta Mokoena in die wetgewer ingedien is en geen reaksie van die Departement van Polisie, Paaie en Vervoer nie. Terwyl ons wag op regeringsaksie, tree die DA in.




"Ons sal aanhou om druk op die Departement uit te oefen om dienste te lewer, maar plaaslike besighede het hul bereidwilligheid uitgespreek om toerusting te voorsien om die heropening te fasiliteer".







# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING AAN KREDITEURE

In die gesamentlike boedel van **WYLE RONNIE JAMES MAARMAN**
Identiteitsnommer: 541012 5107 08 2
**Van:** Joycestraat 62, Sandersville, Heilbron
**Wie oorlede is op:** 7 Augustus 2019
**En nagelate eggenoot:** Chrissie Brenda Maarman
**Identiteitsnommer:** 631014 0160 08 3
**Huwelikstatus:** Getroud binne gemeenskap van goedere met mekaar
**BOEDELNOMMER: 7879/2023**
Alle persone wat vorderinge teen bogemelde boedel het, word aangesê om bedoelde vorderinge binne 30 (DERTIG) dae vanaf datum van publikasie hiervan by ondergetekende in te dien.
**PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING**
**ELSSTRAAT 47**
**POSBUS 58, HEILBRON, 9650**
**VERW: PPvdM/ne**
**TEL: 058 852 2041**
**E-POS: merlaw@phillaw.co.za**

**CASHIER VACANCY**
available at
**OK Mini Mark Heilbron**
We are hiring!
**OK MiniMark is looking for a cashier with experience in:**
- Handling cash and operating a till
- Providing excellent customer service
- Accurately processing transactions.

If you're reliable, friendly and detail-oriented, we'd love to hear from you!
Apply in-store or contact us for more details.
**Please hand in your CV at the Kiosk before 30 May 2025.**




**Elsstraat 44**
**Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**
Office National

## BESIGHEIDSURE

**Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30**
**Saterdae: 09:00 -12:00**

Elsstraat 42, Heilbron | Tel: 058 853 0006

POSTNET HEILBRON

## FOTOSTATE

| | Swart / Black | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |
| | **Volkleur / Colour** | |
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Office National




TE HUUR

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller 081 849 1877**

## GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# SMALLS

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# DIENSTE

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal.
1.2m bale (tou/net).
Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.

**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**

*Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald*
Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za




DUPNO Trading
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!



# HERALD Sport

## Valbyl-uitspeel beslis HBA Maandbeker by Heilbron Gholfklub

Heilbron Gholfklub was Saterdag die toneel van 'n uiters spanningsvolle HBA Maandbeker, gespeel in slagspelformaat met 'n besonder goeie opkoms spelers – insluitend verskeie nuwe gesigte wat groot geesdrif tot die dag toegevoeg het.

Na 18 houe was daar 'n gelykop tussen Jackie Leonard en Steve Maloka, beide met uitstekende rondes van 70 houe. Wat gevolg het, was 'n valbyl-uitspeel wat op 'n mespunt afgehak is – met Leonard wat uiteindelik die deurslag gegee het en as wenner gekroon is.

Willie Matthee het met 71 houe naby gebly, maar net buite die uitspeel geval.

Die baan is tans in uitstekende toestand – 'n pluimpie aan die komitee en baanpersoneel vir hul voortreflike instandhouding en toewyding.



*Jackie Leonard (links), wenner van die HBA Maandbeker, saam met Steve Maloka (middel) en Willie Matthee (regs) ná 'n spanningsvolle en lekker dag op die baan.*


RIEMLAND JAGTERSVERENIGING
2025 JAARPROGRAM

| | | |
|---|---|---|
| 17 MEI, | 09:00 | CHASA KWALIFISERING/VERBETERING |
| 31 MEI, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 5 JULIE, | 09:00 | LANGAFSTANDSKIET |
| 16 AUGUSTUS, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 13 SEPTEMBER, | 09:00 | JEUGSKIETDAG |
| 4 OKTOBER, | 09:00 | GROEPERING SKIET/ TROFEE MEET |
| 7 NOVEMBER, | 18:30 | JAARVERGADERING: RIEMLAND TAK |

Vir meer navrae skakel:
Hennie Fourie (Voorsitter): 082 775 19 22


















BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 19 MEI 2025**
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

HANDHAAF Halfjaarlikse veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674

**DINSDAG - 20 MEI 2025**
DEVON 2-Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

OHRIGSTAD: ESTMENT FARMING (PTY) LTD - BRONRICH BONSMARA PRODUKSIEVEILING
11:00, Bronrich
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776

**WOENSDAG - 21 MEI 2025**
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

WAKKERSTROON DISTRIK: MOOIBANK BEEFMASTERS BULVEILING
11:00, Langkloof plaas
Kontak Mooiman Mentz 083 229 2500

**DONDERDAG - 22 MEI 2025**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

**VRYDAG - 23 MEI 2025**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za